Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 9 Julie 1947. No. 32.

# Om Te Handhaaf

**Onderstaande oproep in verband met 8 Augustus word gedoen deur genle. mev. K. Malan, hoofvrou van Gebied E:**

**Offisiere en Brandwagte!**

**Ek salueer! Ek roep! Ek dank u, by voorbaat!**

**Die Afrikanersaak is gewonne: maar ons moet handhaaf. Die Ossewabrandwag het sy leeueaandeel bygedra, en weet hoe om dit verder by te hou en te bevorder. Ons weet u sal nie op u laat wag nie. Ons ken u ywer en trou. Laat ons meer as tevore, help en bydra, want daarvan hang die beklinking van 'n volslae sukses af.**

**As die Vryheid oor ons velde lag, weet wie te danke is!**



Genle. K. Malan

# Sprake Van 'n Bom Uit Oorlogsargief

**Die H.N.P.-pers het verlede week 'n berig van hul korrespondent in Pretoria gepubliseer wat melding maak van 'n „verkiesingsbom wat die regering besig is om voor te berei as 'n blitsafleier teen die openbare ontevredenheid.**

Volgens die berig sou die regering iets soos die „Denk-voorval" in gedagte hê, toe min. Lawrence nl. dr. Malan verlede jaar van heulery met die Duitsers beskuldig het. Die regering het 'n kommissie na afloop van die oorlog na Europa gestuur om nuttige inligting te gaan uitsnuffel wat later teen Suid-Afrikaners gebruik kan word. Hierdie inligting lê in die oorlogsargief van die regering nou en wag op die nadering van die verkiesing. Min Lawrence se aanklag verlede jaar teen dr. Malan was 'n politieke flater waarvoor min. Lawrence sy bedanking indertyd ingedien het, maar genl. Smuts het dit nie aanvaar nie. Uit ondersoek het dit toe geblyk dat min. Lawrence nie sy beskuldiging kon bewys nie. **Daarom hou die regering nou sy bomme terug tot voor die verkiesing wanneer die publiek op loop gejaag kan word sonder behoorlike geleentheid vir ondersoek.**

## Propaganda-Aksie Dalk Ook Teen K.G.

**In verband met die persberig dat die regering 'n verkiesingsensasie voorberei met behulp van dokumente uit Duitsland, verneem Die O.B. dat die regering o.a. ook sekere leiers van die Ossewabrandwag vir sy propaganda-doeleindes wil aankeer, en in die verband word die naam van dr. Van Rensburg genoem. Wat die aard van die aanklag sal wees, sal nog moet blyk, en wanneer dit sal gebeur, sal afhang van die verkiesingsdatum.**

**Ná die les wat die Minister van Justisie in verband met die Denk-voorval moes geleer het, kan aangeneem word dat soiets terselfdertyd die aankondiging van die verkiesing sal wees, daar die regering nie kan waag om sy set in gevaar te laat stel deur 'n moontlike induiestorting nie. Nadat die koningsbesoek die verkiesing misgeloop het, sal die regering in elk geval ook versigtig wees om hierdie keer nie sy bom te gou te laat bars nie.**

Die berig verklaar dat die regering sekere Afrikaners wil aankla in verband met heulery met die Duiters, waarvoor dokumentêre bewys voorradig gehou word, en waaraan die Nasionale Party dan gekoppel sal word.

EENHEID

**Kommentaar in O.B.-kringe op hierdie berig was dat die regering nouliks iets beters kan doen in belang van Afrikanereenheid as om drie jaar ná die oorlog Afrikanerleiers te probeer vervolg. Die Verenigde Party word nou reeds verlaat deur ou vriende van genl. Smuts, soos mnr. J. B. Wolmarans, wat dit doen uit protes teen die aanhoudende vervolging van Duitsers. Hierdie proses sal baie versnel word indien teen mede-Afrikaners opgetree word nadat almal al met die Duitsers vrede gemaak het, is verklaar.**

Daar is verwys na die reaksie van O.B.-kant indertyd op die Lawrence-aanklag teen dr. Malan. Toe het die Ossewabrandwag ondanks die geskille van die verlede onmiddellik kant gekies vir dr. Malan, en in 'n hoofartikel het Die O.B. dit bestempel as „'n growwe poging om 'n partyteenstander te bemodder."

# ,Versterkers' van Blankedom Behang Hul Kajuite Met Foto's van Naturellevroue

Die feit dat sommige van die regering se immigrante wat met twee spesiaal gehuurde lynbote voltyds aangekarwei word om die blankedom in Suid-Afrika te kom „versterk," die kajuite wat hulle op die skepe bewoon, met die portrette van kaal naturellevroue versier word aan die lig gebring in onderstaande brief wat ons in Engels ontvang het van 'n persoon wat so pas met een van die immigrasieskepe in Suid-Afrika aangekom het. Die skrywer wat wel in Suid-Afrika gebore is, het van kindsbeen af in Engeland gewoon en het so pas saam met 'n groep immigrante aangekom. Hy ken geen Afrikaans nie, maar skryf onder die skuilnaam „Oom Paul se Seun."

Sy brief lui:

„Die minste wat ons van die Eerste Minister kan verwag is 'n gebalanseerde immigrasie, gegrond op 'n kwota vir elke land. Die oorvloedige aantal Engelse wat ingevoer word, is beslis nie gegrond op hul wenslikheid, hul assimileerbaarheid of selfs hul bekwaamheid nie. Dit is om ander redes.

„Indien hulle waardevolle burgers was, sou Engeland hulle daar gehou het veral op die huidige tydstip. Maar Engeland is bly om van hulle ontslae te raak — hulle is die rotte wat die sinkende skip verlaat. Indien hulle nie by hul eie land staan in slegte tye nie, sal hulle dan ooit lojaal teenoor ons land wees?

„SLEGTE TIPE"

„Hoewel daar aan boord die Carnarvon Castle 'n paar was wat begerig was om goeie Suid-Afrikaners te word, en wat lesse in Afrikaans geneem het, is ek bereid om te verklaar dat 90 persent van hulle die slegste tipe Engelsman is wat geen ander belang in ons land het as dit wat hulle daaruit kan haal nie.

**„In my kajuit was daar 'n groep van Glasgow — een van wie ek oortuig is 'n teringlyer was — wat hul tyd deurgebring het met dobbel en die bestudering van kaal naturellevroue wat hulle bokant hul beddens aan die mure opgehang het.**

**„Van die oudsoldate het hulle besig gehou met spoggery oor hul ondervindings met die vroue van verowerde lande en met bespiegelings oor wat die aantreklikhede van naturelle- en Afrikanervroue sou wees.**

„Die redes vir hul koms is maklike geld, maklike vrouens en goedkoop drank.

„Maar ons „Quisling" stel nie belang in hul gehalte nie; al wat hy begeer is om ons uit te druk en ons land te omskep in 'n voorstad van Engeland.

Indien alle patriotte besef wat teen ons beplan word en die klein verskilletjies opsy wil stoot en saamstaan, sal alles reg kom."

## Beveg Polisie Agter Lewende Skild

***Hierdie vyftienjarige Amerikaanse seun was onlangs vir etlike minute gewikkel in 'n rewolwergeveg met die polisie wat op soek was na 'n jeugmisdadiger. Hy het 'n ander skoolseun gegryp en hom tussen hom en die polisie as skild gehou onderwyl hy op die polisie geskiet het. Hy is eindelik oorrompel deur dat 'n konstabel hom van agter bekruip en oor die kop geslaan het. Dit het toe geblyk dat hy nie die misdadiger was na wie gesoek is nie.***



## Vliegende Pierings

Sonderlinge luggevaartes in die vorm van pierings is die afgelope weke oral in Amerika gesien.

Waarnemers verklaar dat die vliegende pierings 'n gloeiende voorkoms het en slegs 30 sekondes neem van horison tot horison.

In een geval is berig van twintig sulke pierings in formasie. — Sapa-United Press.

## Ongelooflike Styging Van Lewenskoste

Die lewenskoste in China is tans 20,000 maal hoër as elf jaar gelede, volgens amptelike syfers wat deur die Chinese regering gepubliseer is.

Die lewenskoste van werkers is 20,300 maal hoër as in 1936 terwyl die lewenskoste van offisiere 19,700 maal hoër is as wat dit elf jaar gelede die geval was.

Blykbaar is die Chinese owerheid 'n bietjie meer openhartig oor hierdie saak as die Unieregering!

## Arbeiders Verbrokkel

Gedurende die afgelope week het die Arbeidersparty nog verder verbrokkel deur die bedanking van mnr. J. R. Sullivan, L.V. vir Durban. Sedert wyle mnr. Madeley se bedanking het daar al vyf L.V.'s van die Arbeiders bedank.

# DIE FRIESE

## 'n Verhaal Uit Die Stryd Van die Ondergrond

*Deur S. J. de Jongh*

HOOFSTUK I

Die huisbewoner in die Bloemfonteinse systraat het groot oë gemaak toe hy om drie-uur in die oggend die deur op die agterstoep oopmaak na daardie haastige geklop.

Sy verbystering was allesins gegrond, want dit was Coert en sy vier maters wat by die deur ingeborrel het.

„Liewe hemel, kêrels, maar wat op aarde het dan gebeur?" was omtrent al wat die nog effens slaapdronke huisheer oor die lippe kon kry. Hy het darem onthou om die agterdeur weer op slot te sit. Toe staar hy die vyf man eenvoudig sprakeloos aan.

Twee van hulle het hy goed geken; trouens Coert was 'n intieme vriend. Van die ander drie het hy geweet want dit was al sowat vyf weke dat die manne in die Bloemfontein-gevangenis gelê het. „Aangehou kragtens Noodregulasies", soos die nikssegende maar veelbetekende formule in hierdie dae lui. Nog geen ses uur tevore nie het hy en sy vrou vir Coert se moeder gaan opsoek — dit was net na aandete — en gaan verneem hoe dit met Coert en sy maters in die selle gaan. Geen ses uur tevore nie . . . en hier slaan al vyf van die gevangenes, blykbaar gejaagd en hygend, op sy agterstoep uit!

Drie-uur in die oggend op 13 Augustus in die jaar des Heils neëtien - honderd - twee-en-veertig! Geen wonder dat die huisheer se woordeskat hom begewe het nie.

„Man", beduie Coert vir sy vriend wat in sy slaapklere vir hom staan en aangaap, „jy weet daar is 'n spreekwoord dat in die nood dan vreet die Duiwel vlieë. Nou ja, ons was in die nood ... ons is dit trouens nog. En al het ons nou geen vlieë gevreet nie (sulke derduiwels is ons darem nog nie!) dan het ons elkegeval heel onortodoks gehandel. Uitgebreek, ou broer, uitgebreek.

„En nie net uitgebreek nie; dit was nie al nie . . . nog lank nie al nie!" en Coert se harde gesig was die ene leedvermaak.

„Nie al nie? Maar wat in hemelsnaam het dan nog oorgebly, behalwe uitbreek?" vra die huisheer wat nou vinnig begin wakker word en sy bes doen om hierdie verbluffende situasie te begryp.

„Nee, man, dis baie beter — of slegter, na gelang van die standpunt van die beoordelaar: of hy binne sit en oordeel of buite. En hulle is binne, ou broer, hulle is binne!"

„Hulle? Wie bedoel jy—hulle?"

„Wie ek bedoel? Die bewaarders, natuurlik. Die feit bly nou eenmaal dat ons nie net uitgebreek het nie maar dat ons bowendien die hele boksemdaais in hul eie tronk agter ons opgesluit het."

„Ja", lag Koos, die opgeruimde kêrel met die krulkop en die twee kuiltjies, „hulle is opgesluit en die telefoon is vernietig sodat hulle werklikwaar in die penarie beland het. Kan nie uit nie en kan ook nie eens hul nood by die buitewêreld gaan kla nie. Net so min as wat hulle ons die geleentheid om te kla gegun het," voeg hy by.

Toe lag Koos weer en hy sê: „Ou Piet hier dié sweer dat hy — net voor ons buitekant hoorafstand weggedraf het — gehoor het hoe die hele tronkpersoneel daar agter ons en agter die geslote binnepoort weggeval het met „Heer, waar dan heen?"

„Maar ek dink ou Piet se ore vat nie meer te goed nie, want die spul het vir my te heidens vir sulke liedere gelyk".

As iets die huisbewoner in sy slaappak nog altyd laat betwyfel het of hy werklikwaar wakker is, dan is dit hierdie kort en spottende woorde oor iets wat in die annale van die gevangeniswese van ons land seker uniek moet wees. Die gevangenes vry en die bewaarders in hul eie tronk opgesluit!

Dit is mos eenvoudig verbysterend!

En in al hul haas moes die vyf ontsnappelinge hom eers korteliks inlig oor die gebeure van die afgelope uur of ses; hoe hulle uitgebreek het; hoe hulle die binnepoort — daardie swaar traliewerk — agter hulle toegesluit het en die sleutel weggegooi het sodat hulle die rolle van bewaarder en gevangene gewissel het . . . die politieke gevangenes was buite en die bewaarders was binne, agter slot en grendel. En, lesbes, hoe hulle die tronk se telefoonsentrale, wat by die binnepoort geleë is, op hul pad uit vernietig het en dus alle verbinding na buite onmoontlik gemaak het.

„Man, die rolle-wissel vind ek baie heuglik", verseker Coert. Dis bepaald 'n verbetering op die vorige toestand. Bowendien, ‚half-time change sides' soos die skeidsregter in my skooldae nog gesê het.

„Maar al het ons die rolle gewissel — die wind bly van voor. Nou moet ons uit Bloemfontein uit, en sommer baie vinnig uit Bloemfontein uit. Want enige oomblik kan een of ander bemoeisieke ou in die omgewing van die tronk daardie engelekoor agter die mure gewaar en die alarm gee. Dan is daar onmiddellik 'n polisiekordon om die stad gegooi.

Ons moet uit, ou maat, ons moet uit. En tien minute gelede is voordeliger as tien minute later. Kan jy ons help? 'n Plan moet gemaak word."

„Jy kan maar sê hy is gemaak, Coert" was die antwoord van die nou wawydwakkere huisheer in die slaappak. „Ek trek net 'n jas aan, haal 'n paar komberse en neem julle in my motor uit die stad. Die beste sou wees na daardie kloof teen die berg 'n paar myl uit. Julle kan daar skuil totdat ons kans sien om julle verder te vat", en hy draai om, op pad kamer-toe.

By die deur val iets hom by en hy sê: „Om intussen geen tyd te verloor nie, Coert, kan jy maar die spens bydam en vat wat daar aan blikkieskos, brood en sulke dinge te vinde is. Neem dit motor-toe . . . julle mag dit nodig hê." Darmee verdwyn hy die gang op.

Uit hierdie snelle en vanselfsprekende optrede van Coert se vriend het Koos afgelei dat dit nie 'n man van lang oorwegings en wik-en-weeg was nie. Sulke oomblikke het vir die weifelaar min tyd en Coert se vriend was blykbaar die regte man vir hierdie taak.

En Koos het sommer baie moed geskep dat daar nog sulke mense op aarde te vinde is.

Met etlike blikkies kos en met twee brode belaai is die vyf man die agterdeur uit en na die garage in die agterplaas, waar hulle huisheer enige oomblikke later by hulle aangesluit het. Oor sy arm het hy vier komberse gedra.

„Jammer, kêrels, dis al wat ek kon kry. Klim in", en voordat Piet die sigaret wat hy op die agterstoep opgesteek het, klaar gerook het was hulle al op pad na die hoofstraat wat uit die stad uitlei; vyf ontsnappelinge uit die gevangenis, die redder in die nood, die komberse en die blikkieskos en die twee brode.

„Ja-nee" het Koos die posisie opgesom, toe hulle die laaste huisie in die stad links verbyry, „janee", die ou Boere se kommandeerman het een rympie geken as hulle die burgers so by hul huise — of hul nooiens se huise — opgeroep: Verskyn met geweers, perd, saal en toom, asmede mondprovisie vir drie dae'."

„Wat daarvan?" vra Jaap.

„,Wel my geweer het hulle gevat, en perde is uit die mode tesame met sael en toom. Maar mondprovisie het ons en — as ons net ou Piet se aptyt in bedwang kan hou — byna vir drie dae".

Temidde van die gedempte gelag van die ander het Piet 'n waardige swye bewaar.

Dit het later geblyk dat dit nie net Piet se eetlus was wat aan bande gelê sou word nie. Die kos was nouliks genoeg vir twee dae . . . . en dit sou hulle meer, heelwat meer, as twee dae neem voordat hulle die skuilplek in die berg vaarwel sou kon sê. Dae wat vervelend en tegelyk veeleisend sou wees, en nagte wat bitterkoud kon word. Maar op hierdie stadium was dit nog die ene opgeruimdheid en 'n gevoel van verligting dat hulle die stad uit is aleer die ontsnapping ondek was, want anders sou die polisie alle uitvarende motors gestop het.

G'n halfuur later nie en hulle was met kos, komberse en al op die grootpad wat aan die voet van die berg verbygaan, afgelaai en hulle sien die rooi agterliggie van hul redder se motor weer in die rigting van die stad oor die bult verdwyn.

Nog lank voor die oosterkom begin vaalgrys word, was hulle al struikel-struikel in die kloof aangeland en onder 'n paar bosse het hulle die komberse oopgegooi en onder die ander twee ingekruip om die dag af te wag.

„Magtig, ek het gedink die sel was koud, maar hierdie!!!" het Jaap gebrom, en niemand het lus of rede gevind om Jaap teen te spreek nie.

Vir sulke eenstemmigheid het die skrale winterluggie gesorg.

(Word vervolg).

## ONS VERHAAL

**Hierdie tweede reeks vertellinge uit die ondergrondse stryd deur S. J. de Jongh gaan oor die ontvlugting van 'n aantal politieke gevangenes uit die Bloemfonteinse tronk op 13 Augustus 1942. Ten einde ruimte te bespaar vir die Boerejeug-blad sal dit voortaan veertiendaagliks vervolg word.**

# Ses Persone Teken Vir 10 Jaar In

## Nuwe Reëlings Met Blad Vorder Mooi

**Die geesdrif vir die regstreekse intekening op Die O.B. duur onverpoosd voort. Tussen veertig en honderd briewe bereik daagliks die kantoor van Voorslag in Kaapstad en reeds is daar ses persone op ons lys wat vir tien jaar vooruitbetaal het, terwyl etlikes meer vir vyf jaar vooruit ingeteken het, en 'n groot aantal vir drie en twee jaar.**

In 'n paar gevalle was die offisiere baie behulpsaam met die invordering van die gelde deur dat by al die lede rondgegaan en die geld ingevorder is. Waar daar miskien ander offisiere is wat intekengelde ontvang het, word onder hul aandag gebring dat die geld met die name asseblief sonder versuim aangestuur moet word na Posbus 1411, Kaapstad, aangesien die blad binnekort gestaak gaan word aan diegene op die kommandolyste wat nog nie hul intekening hernu het nie. Hierdie reëling geld natuurlik nie vir die paar duisend individuele intekenare wat van die begin af op ons blad regstreeks ingeteken het nie.

BETER DIENS

Die nuwe reëling beoog 'n verbeterde diens deur groter sentralisasie en weens die groter administrasiekoste daaraan verbonde, word die intekengeld op 10s. per jaar (vooruitbetaalbaar) gestel. Aangesien Die O.B. ook uitbreidingsplanne het en 'n groter aantal medewerkers wil inskakel om ons blad so interessant as moontlik te maak, word staat gemaak op die hernuwing van al ons duisende intekenare, waarvan die welslae van ons planne uiteindelik sal afhang. **'n Bemoedigende teken wat aanduiding is van 'n verandering in die gees van onderlinge vyandskap, is die feit dat etlike lede van sowel die H.N.P. as die Verenigde Party onlangs nuut ingeteken het op ons blad.**

## Groblershoop Reorganiseer

GROBLERSHOOP. — 'n Baie gesellige aand is deur die offisiere van die Groblershoop-kommando deurgebring waar 31 offisiere van die kommando teenwoordig was en onder meer die gelofte van getrouheid afgelê het. Alle vakatures vir die kommando is nou weer ten volle gevul.

Genl. J. H. Gouws is herkies tot genl. van die afdeling. By hierdie geleentheid is 'n adres van waardering namens die kommando aan hom oorhandig. Daar is gewag gemaak van sy onmisbaarheid vir die kommando. In die plek van komdte. Van Schalkwyk is mev. Van Zyl aangestel.

Genl. Gouws het in sy toespraak melding gemaak van die belangrike taak van die Boerejeug. — (Korr.).

# Oproep aan Wagte

**Waggenl. A. O. Kriek van Gebied C, doen onderstaande oproep in verband met O.B.-dag:**

O.B. Wag-offisiere en Wagte van Gebied C, staan u werklik wag? Indien ja!

Onthou! Alweer is 'n ander jaar verby en nog sit ons kamerade opgesluit, en hulle families is nog sonder die broodwinner.

U en ek wat die voorreg het om by ons dierbares te kan wees en hulle te versorg, mag hulle wat die offers gebring het nooit in die steek laat nie.

Laat ons toon deur elkeen met sy handewerk en bydraes so by te dra dat ons met hierdie 8 Augustus 'n groter sukses maak as in die verlede.

Onthou ons stryd sal nie eindig voordat ons ons doel bereik het nie.

Laat die stryd wat ons vaders begin het, woed tot ons sterf of gewen het.

## Leibbrandt Eet Weer Na 23 Dae

Robey Leibbrandt het sy eetstaking verlede Donderdag, nadat hy 23 dae volgehou het, beëindig. Van sy suster wat in verbinding met die Minister van Justisie, mnr. H. G. Lawrence, was, het hy die versekering gekry dat daar ondersoek na sy toestand ingestel sal word.

Na verneem word het die Minister dit oorweeg om Leibbrandt vir 'n proeftydperk na Baviaanspoort te stuur. Indien dit gebeur, sal hy besonder noukeurig dopgehou word en indien sy gedrag nie bevredigend is nie, sal hy weer teruggeplaas word. Dit is bekend dat Leibbrandt onlangs 'n dure eed geneem het dat hy nie sal ontsnap nie.

## Miljoen Pond Ekstra Vir Vrugteboere

Die vrugteboere van die Westelike Provinsie het verlede week die verrassing van hul lewe gehad toe die Sagtevrugteraad aangekondig het dat 'n bykomstige bedrag van £1,000,000 bo en behalwe die voor- en agterskot wat die raad reeds uitbetaal het, aan boere uitgekeer sal word. Dit bring mee dat die inkomste van baie vrugteboere vanjaar verdubbel is.

Hierdie aangename verrassing is veroorsaak deur die onverwagte hoë pryse wat Suid-Afrikaanse sagtevrugte hierdie seisoen in Engeland behaal het.

Of dit aanstaande jaar ook die geval sal wees word betwyfel omdat Engeland aangekondig het dat hy verplig sal wees om weens sy finansiële toestand minder vrugte uit Suid-Afrika in te voer.

# Liberalistiese Studente Oor Kleurvraagstuk Verdeeld

**Die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS) het verlede week sy tweede groot krisis oor die kwessie van kleurverhouding ondergaan toe die oorblyfsels van die vorige skeuring van 'n tiental jare gelede mekaar in die hare gevlieg het oor die erkenning van die segregasiebeginsel.**

Die kongres het probeer om op twee stoele tegelyk te sit ten einde sy eenheid te bewaar. Vir die doel is 'n mosie aangeneem wat maatskaplike segregasie erken, maar „akademiese" gelykstelling aanvaar.

**Volgens 'n stemming het dit geblyk dat slegs 54 van die afgevaardigdes ten gunste van so 'n standpunt was, en dat 45 gekant is teen die kleurslagboom op maatskaplike gebied.** Dit het dan ook gelei tot 'n botsing as gevolg waarvan een van die afgevaardigdes, L. Forman, geskors is. **Hy wou hom naamlik nie neerlê by die reëling van die burgemeester, wat net blanke studente na sy dansonthaal genooi het nie. 'n Groot groep afgevaardigdes het onder sy leiding 'n ander funksie gereël waar hulle op gemengde wyse plesier gemaak het.**

Afgevaardigdes van Pretoria weer het hulle teen die gelykstelling op akademiese gebied uitgespreek.

Die kongres het deurgaans 'n gees van gelykstelling gehandhaaf deur saamsittery en saamdrinkery van verversings.

# Rusland Skei Hom Af Van Die Weste

**Die breuk tussen die Ooste en die Weste het blykbaar sy finale beslag gekry met Rusland se weiering om mee te doen aan die Marshall-plan vir die redding van Europa. Die konferensie in Parys waaraan Rusland, Frankryk en Engeland deelgeneem het, het verlede week hopeloos misluk deur die verklaring van Rusland dat hy nie die plan soos deur die Weste voorgestel, kan aanvaar nie.**

Die mislukking van die konferensie is reeds vooruit deur politieke waarnemers voorspel. Die doel was om 'n breë plan vir die herstel van Europa aan Amerika voor te lê, sodat Amerika ekonomiese hulp kan verskaf om die plan te verwesenlik. Die weiering van Rusland om saam te werk het as gevolg dat die herstelplan vir Europa net betrekking het op Wes-Europa tot waar die ystergordyn van die Kommuniste begin — en sal derhalwe ook geredeliker deur die Amerikaanse kongres goedgekeur word.

**'n Waarskuwing wat Molotof aan die einde van die kongres uitgespreek het teen die voorneme van Frankryk en Engeland om die herstel van Europa volgens die voorgenome plan te verwesenlik, is 'n baie duidelike voorteken dat hulle by die uitvoering daarvan te doen sal kry met Russiese sabotasie deur middel van sy vyfdekolonners in die Weste.**

Inmiddels het Frankryk en Engeland 'n uitnodiging aan 22 volke gestuur om die plan teen die einde van die week verder in Parys te bespreek.

# Duistere Toekoms Vir Britte

**Die reeds donkere toekoms van die Britte is verlede week nog donkerder gemaak deur die verklaring van die Britse minister van finansies, Hugh Dalton, dat Brittanje sy invoer uit die dollarlande drasties sal moet inkort ten einde dollars te bespaar. Voortaan sal die Britte minder moet rook, minder petrol gebruik en met kleiner koerantjies tevrede moet wees. Voedsel-invoer sal moontlik ook ingekort word.**

**Geldbase oor die wêreld het die mening uitgespreek dat Brittanje hierdeur slegs sy dollarkrisis met 'n maand of wat kan uitstel, maar dat dit sonder twyfel aan die kom is en nie af te wend is nie.**

Pogings word aangewend om ingevoerde films swaar te belas, maar aan die anderkant vrees die Britte weerwraak teen hul eie besluit. Verbruikersgoedere, behalwe voedsel, sal ook swaar belas word. In die toekoms sal die invoer van grondstowwe en voedsel voorkeur geniet, het hy gesê.

Die Britse geldelike posisie is nog meer verswak deur dat die wêreldprys van goedere aansienlik gestyg het en die waarde van sy lening daardeur gedaal het. Dalton het daaraan toegevoeg dat die Britse lening by Amerika baie vinniger opgebruik word as wat oorspronklik verwag is.

**Toe Brittanje die lening aangegaan het, het hy gehoop dat sy ongunstige betalingsbalans wanneer die lening in 1950 ten einde loop, weer sou klop. Met die vooruitsig dat hierdie lening reeds teen die einde van die jaar boomskraap sal wees en daar nog geen teken van beterskap in die Britse finansiële posisie is nie, is die toekoms van die Britse volk duister.** Die gebrek aan herstelling word gewyt aan die brandstofkrisis waardeur Brittanje £200 miljoen aan uitvoer verloor het.

# Skotte Wil Breek Met Engeland

Die mate van ontevredenheid onder die Skotte oor die manier waarop hulle deur Engeland behandel word, het verlede week uiting gevind in die voorstel van burggraaf Elibank in die Britse laerhuis waarin hy versoek het dat die moontlikheid om weer 'n parlement vir Skotland in te stel, bespreek moet word. Hy beoog die instelling van 'n Skotse parlement in Edinburgh wat suiwer Skotse aangeleenthede moet behandel omdat die neiging reeds bestaan om suiwer Skotse sake in Londen te sentraliseer.

Sake soos verdediging moet nog aan die Britse laerhuis opgedra word. **Skotse lede van die laerhuis het onlangs verklaar dat indien die sentralisasie van Skotse belange in Londen voortduur, Skotland van Engeland sal afskei.**

# Ryk en Arm

**Die so pas aangekondigde Amerikaanse begroting vorm 'n skelle kontras met die byna bankrot-begroting van Engeland. By die afsluiting van die Amerikaanse finansiële jaar is aangekondig dat Amerika 'n oorskot van £187,000,000 het. Die Britte het bereken dat hulle vir die volgende boekjaar 'n tekort van £400,000,000 sal hê.**

# Het Met Russe Saamgesweer

Omdat hulle regstreeks met verteenwoordigers van „vreemde lande" saamgewerk het, is tien amptenare onlangs uit die Amerikaanse departement van buitelandse sake ontslaan, het genl. George Marshall, minister van buitelandse sake, verlede week verklaar. Die naam van die vreemde land is nie bekend gemaak nie, maar dit is klaarblyklik Rusland.

# JODE VRA DUITSE EILAND

Berlynse Jode het aansoek gedoen dat die voormalige Duitse vesting Helgoland, wat onlangs deur honderde tonne springstowwe vernietig is, aan hulle afgestaan word. Dit moet beskikbaar gestel word vir Jode wat nie na Palestina wil gaan nie.

Die Britse lugmag het die eiland verlede week weer onder die bomme gesteek en die puine wat oorgebly het na die vorige ontploffings, verder met die grond gelyk gemaak.

# Brit Erken Onmag van V.V.O.

Die magteloosheid van die V.V.O. om die moeilikheid in die Balkan op te los, is deur die Britse verteenwoordiger op die Veiligheidsraad erken. Hy het 'n aanval op Rusland, Joego-Slawië, Albanië en Bulgarye gedoen, en verklaar: „As die V.V.O. geen doeltreffende stappe kan doen om die moeilikheid in die Balkan op te los nie, kan ons net so wel die Handves stukkend skeur en huistoe gaan."


## EXCELSIOR WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURE

Die alombekende drankies. Die skoonste van kleur, die fynste van geur wat u ooit geproe het. Drankies wat nie alleen pryse wen op tentoonstellings nie; maar wat deur alle fynproewers aangeprys word.

| PRYSLYS | Per bottel in kassies van 12 bottels | Per gelling in 5 gelling-vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Ou Port .. .. .. .. .. | 2/9 | — |
| Inwalide Port .. .. .. .. | 3/3 | — |
| Spesiaal Soet .. .. .. .. | 2/9 | 12/6 |
| Wit en Rooi Jeripiko .. | 2/- | 10/- |
| Wit en Rooi Malmsey .. | 2/- | 10/- |
| Wit en Rooi Muskadel .. | 1/11 | 9/6 |
| Soet Port .. .. .. .. .. | 1/11 | 9/6 |
| Port, Pontak, Worcester Hock .. .. | 1/10 | 9/- |
| Spesiale Sjerrie (Soeterig) | 1/10 | 9/- |
| Goudkleurige Sjerrie .. .. | 1/9 | 8/6 |
| Ou Bruin Sjerrie .. .. .. | 2/6 | — |
| „Cocktail" .. .. .. .. .. | 4/3 | — |
| Vermouth (Droog of Soet) | 3/- | — |
| Swartberg Sjerrie .. .. .. | 2/9 | — |
| **DROË WYNE:** | | |
| Boergonje (Rooi) .. .. .. | 2/- | — |
| Riesling (Droë Wit) .. .. | 1/9 | — |

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling vaatjies. |
|---|---|---|
| **VONKELWYNE:** | | |
| Grand Spumante (Soeterig) .. .. .. .. | 10/3 | — |
| Grande Splendore (Droog) | 7/9 | — |
| Vonkel Boergonje .. .. .. | 8/9 | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Aurora V.S.Q. (Die allerbeste) .. .. | 10/- | — |
| Eureka .. .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| A.1. .. .. .. .. .. .. | 8/- | — |
| Royal .. .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| Boegoe .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEUR:** | | |
| Peperment, Perske, Appelkoos, Piesang .. | 7/- | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Naaltjie .. .. .. .. | 6/6 | — |
| Van der Hum .. .. .. .. | 6/6 | — |
| **JENEWER (GIN):** | | |
| Droë, Lemoen, Suurlemoen .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |

VERKOOPSVOORWAARDES: (1) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 gelling vaatjie, of veelvoud daarvan. (2) Voeg by 20/- deposito per vaatjie of 5/- per kissie met bottels. Hierdie deposito's word dadelik aan u terugbetaal op ontvangs van die leë goed, vraggeld betaald na Vlakteplaats-stasie. (3) Stuur kontant plus deposito's met bestelling of ander lewer ons k.b.a. u naaste stasie.

**EXCELSIOR WYNMAKERY (EDMS.) BPK.**
POSBUS 1, VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

**Beskerm u Oë**

Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.

**Wahl, Lawrence EN KIE.**
BRILMAKERS
Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

**MEUBELS**
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
**WERDA Meubelhandelaars**
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad


## KO-OPERATIEVE WIJNBOUWERS VERENIGING VAN ZUID-AFRIKA BEPERKT

(Geregistreer kragtens die Wet op Koöperatiewe Verenigings 1939)

# Verkiesing van Direkteure

## ROBERTSON-AFDELING

KENNIS geskied hiermee dat, kragtens die magte deur Artikel Nr. 69 van die Regulasies van die Vereniging aan hom verleen, die Voorsitter by die Algemene Jaarvergadering van lede gehou te PAARL op 18 Junie 1947, besluit het om op WOENSDAG, 16 JULIE 1947, 'n stembus te hou vir die verkiesing van TWEE DIREKTEURE vir die ROBERTSON-AFDELING in die plek van mnre. SYDNEY EARLE WARREN en JOZEF ADRIAAN VAN EEDEN W./Seun, wat by genoemde Jaarvergadering om die beurt afgetree het, maar herverkiesbaar is en hulself weer verkiesbaar gestel het, en dat hy my terselfdertyd benoem het om namens hom as Stembeampte by sodanige stembus op te tree.

Die volgende here is op genoemde Jaarvergadering wetlik vir verkiesing genomineer en het hul bereidwilligheid, om verkies te word, te kenne gegee:—

KLOPPERS, Gabriel Jacobus, Clairvaux, Robertson.
VAN EEDEN, W./Seun, Jozef Adriaan, Vinkrivier, Robertson.
WARREN, L.V., Sydney Earle, Posbus 41, Robertson.

Vir die gerief van lede sal stemburo's vanaf 9 v.m. tot 5 n.m. in die volgende wyke van die afdeling oop wees, nl.:—

1. ROBERTSON: In die Stadsaal.
2. LANGVLEI: By die winkel van „Cape Lime Company Ltd."
3. KLAASVOOGDS: Op die plaas van mnr. W. M. Rabie, „Rietvlei."
4. GOUDMYN: Op die plaas van mnr. P. H. Schoeman, „Schoemanshoek."
5. BOESMANSRIVIER: By die winkel van mnr. M. J. Meiring op die plaas „Langverwacht."
6. McGREGOR: In die besigheidsgeboue van mnr. A. Z. Auret.
7. AGTERKLIPHOOGTE: Op die plaas van mnr. J. T. Rabie, „Wansbek."
8. DREW: By die winkel van mnre. Coetzee & Kie.
9. BONNIEVALE: By die dorpsbestuursaal.
10. SWELLENDAM: In die Stadsaal.
11. HEIDELBERG: In die kantoor van Prokureur H. v. Z. Steyn.

Slegs lede van die Vereniging wat op 31 Desember 1946 as sulks geregistreer was en wat gedurende 1946 in bogenoemde Afdeling geproduseer het, sal geregtig wees om te stem.

Die telling van stemme sal om 2.30 n.m. op **Donderdag, 17 Julie 1947**, by die **Hoofkantoor** van die Vereniging te **Korporasiestraat, Zuider Paarl**, plaasvind, en die volgende here is as stemopnemers benoem, nl.:—

1. Mnr. J. B. LE ROUX, Montana, Zuider Paarl.
2. Mnr. S. F. MALAN, Brandwag, Riebeek Wes.

H. F. THERON,
Vise-Voorsitter en Stembeampte.

Geregistreerde Kantoor:
Korporasiestraat, Zuider Paarl.
24 Junie 1947.

„DIE O.B.," WOENSDAG, 9 JULIE 1947

# „Groter" Vryheid Vir Groter Diens

Die aankondiging dat die Britse regering die benaming „dominium" afgeskaf het omdat dit dan die indruk verwek asof die dominiums ondergeskik aan Engeland is, mag mense wat minder ingelig is met betrekking tot die Britse imperiale diplomasie, mislei om te dink dat dit 'n verdere aftakeling van die Britse ryk is. Dit is egter ver daarvandaan — al het dit 'n sug van besorgdheid uit die imperiale bors van 'n man soos kol. C. F. Stallard gepers.

Bewus van die ontbindingsproses wat in sy ryk aan die gang is as gevolg van die verdonkering van Brittanje se rol in die wêreldpolitiek, het die Britse staatsmanne met hierdie stap slegs die advies van hul groot leermeester lord Durham uitgevoer. In sy verslag oor die Kanadese vraagstuk meer as honderd jaar gelede het hierdie imperialis Brittanje die raad gegee om die kolonies 'n groter skyn van vryheid te gee en daardeur hul welwillendheid te wen. En in 1903 het die aartsimperialis Joseph Chamberlain hom by hierdie advies aangesluit toe hy „'n vennootskap met die groeiende kolonies" aanbeveel het „sonder wie se sterke regterhande en lojale harte die Ryk nie kan behou word nie."

**Uit hierdie advies is al die toegewings van die latere jare ten opsigte van status en naam gebore — ter versterking van die Britse Ryk.**

Engeland het die „sterke regterhande en lojale harte" van sy dominiums vandag meer as ooit nodig, soos ook blyk uit die toespraak van genl. Smuts onlangs. Onmagtig om sy gesag oor hulle te behou, haas die Britse diplomasie hom om 'n groter skyn van vryheid aan die dominiums te verleen ten einde hul welwillendheid te behou; vandaar die nuwe strelende benaming.

**Inderdaad hang die eenheid van die Britse Ryk nie soseer af van die uiterlike vorms, benamings en simbole wat daaraan kleef nie, maar van die geestelike verslaafdheid van die bevolkings, en ook hier het lord Durham indertyd die goeie advies gegee dat Kanada so vol as moontlik met Engelse immigrante geprop moet word ten einde die nodige lojaliteit te bestendig.**

Beleef ons dan nie 'n herhaling van hierdie eeu-oue metode: hoër status terwille van welwillendheid en immigrasie ter bestendiging van die lojaliteit nie?

# DIE NEGER IN V.S.A.

## WRYWING SODRA GETALLE TOENEEM

Sedert my terugkeer in Suid-Afrika is ek al meermale deur Afrikaners uitgevra oor die Negers in die Verenigde State. Waar ons hier in Suid-Afrika dikwels met bekommernis die toekoms tegemoet sien is dit vanselfsprekend dat mense graag wil verneem hoe ander lande met hulle kleurprobleme maak. Maar ek kan reeds vooraf sê dat ons die toestand in Noord-Amerika — waar die Neger ver in die minderheid is— eintlik glad nie kan vergelyk met die vraagstuk in ons eie land nie. Tog mag veral die huidige na-oorlogse posisie van die Neger vir lesers van Die O.B. interesseer.

In hierdie eerste artikel wil ek net die een en ander meedeel oor die aantal negers en hulle verspreiding oor die Verenigde State.

### BEVOLKING

Volgens die Sensusburo van Washington was daar in die V.S.A. in 1944 'n totale bevolking van 138,100,874. **Hiervan is net omtrent 13 miljoen Negers. Die Negers maak wel die grootste nie-blanke groep in daardie land uit.** Die Rooihuide, wat almal in reservate woon tel nog nie 400,000 nie; die Japanners was in 1940 nog 127,000 en die Chinese 77,000.

Waar woon die Negers nou? Die grootste meerderheid (77%) woon in die suidelike state, terwyl 21% in die Noorde en 1.3% in die Weste te vinde is. **In die suidelike state maak hulle ook 24% van daardie state se totale bevolking uit, terwyl hulle in die noordelike state maar 4% en in die weste 1.2% van die totale bevolking uitmaak.**

### NEGERHATERS

In nie een van die 48 state is die Negers in die meerderheid nie, maar daar is darem een staat, nl. Mississippi, waar die Negers amper die helfte (49%) van die bevolking uitmaak. **Dit is dan ook in hierdie staat sowel as in Georgia en Alabama (waar 35% van die bevolking Negers is) waar die kwaaiste Negerhaters gevind word.** In Mississippi het in die afgelope tyd die Demokratiese Senator Bilbo baie die gemoedere van die liberaliste in die noorde gaande gemaak. Daar is beweer dat hy op allerlei skelm maniere die Negers van die stembus weggehou het by die algemene verkiesing verlede jaar. **Die openbare mening is geweldig teen die man opgesweep en as hy nie siek geword en Washington moes verlaat het nie, sou hy waarskynlik as senator geskors gewees het.**

### KU-KLUX-KLAN

Georgia is die staat waar die Ku-Klux-Klan en die Culumbians (wat nog kwaaier is as die K.K.K.) hulle hoofkwartiere het en waar so nou en dan ernstige opstootjies plaasvind, waaroor ek in 'n latere artikel sal skryf.

Die 48 state is almal in „Counties" verdeel wat miskien so groot soos 'n magistraatsdistrik is en hoewel die Negers nou wel nie in een van die state in die meerderheid is nie, was daar in 1940 (die datum van die laaste volkstelling) 180 „counties" waar 50% of meer van die totale bevolking Negers is. Hierdie „counties" is ook almal in die suidelike state en wel 46 in Georgia, 35 in Mississippi en 22 in Suid-Carolina (waar onlangs weer 'n Neger deur 'n aantal blankes ge-„lynch" is).

**DIE EERSTE VAN 'N REEKS OOR DIE AMERIKAANSE KLEURVRAAGSTUK DEUR DR. ERIKA THERON**

### VERSKUIWINGS

In 1910 was die posisie nog ongunstiger vir die blanke bevolking in hierdie state, want toe was daar nog 286 „counties" wat meer Negers as blankes gehad het. Die verandering het gekom nie as gevolg van 'n afname in die geboortes van die Negers nie, maar as gevolg van migrasie na die Noorde en die Weste.

Hierdie migrasie het natuurlik in die oorlogsjare voortgegaan en selfs toegeneem, veral na Detroit, San Francisco en Los Angeles waar die Negers as arbeiders baie welkom was in die oorlogsnywerhede. Die Negerbevolking in Los Angeles het in die jare met 78.2 % toegeneem terwyl die blanke bevolking met 15% vermeerder het. San Francisco en omgewing het die grootste toename van Negers gehad van 19,759 in 1940 tot 64,680 in 1944 of 227.3%! (Die totale bevolking het maar met 28% vermeerder).

### WRYWING

Tydens my besoek aan San Francisco het verskeie Maatskaplike Werkers met my oor die groot toename van die Negerbevolking gepraat. Vroeër, so het hulle gesê, het hulle nie geweet van 'n Neger-probleem nie. Die klein klompie Negers wat toe in die stad woonagtig was, was 'n baie ordentlike, vooruitstrewende groep. Baie was ekonomies taamlik suksesvol en 'n groot aantal het aan die professionele klas behoort. **Omdat hulle so min was is nie teen hulle gediskrimineer nie en hulle is dikwels opgeneem in die blanke samelewing. Met die intrek van die duisende ongeletterde, eenvoudige arbeiders van die suidelike state het die posisie verander. Daar word gevoel dat hulle nou met 'n ander, minder beskaafde tipe Neger te doen kry en baie is van mening dat diskriminasie moet toegepas word.** Ander wil darem nie so drasties optree nie, maar hulle is omgekrap omdat hulle deur die oorlogsomstandighede 'n nuwe rasseprobleem opgelaai is. (80% van die 126,947 Japanners in die V.S.A. het voor die oorlog in Kalifornië gewoon).

### TEEN EIE RAS

**Die mense wat die intrekkers nog die minste verwelkom het was die ouer, gevestigde Negergroep. Hulle het natuurlik gevoel dat hulle eie veilige posisie bedreig word en dat, as daar diskriminerende maatreëls gaan toegepas word, dit hulle ook sal raak.** Een dame het aan my vertel dat haar Neger-buurvrou (die vrou van 'n geneeskundige) onlangs baie verontwaardig was omdat haar dogter een dag van die Universiteit gekom het met die versoek om aan 'n ander universiteit te gaan studeer want „daar is in die laaste tyd te baie Negers in my Universiteit!"

In die suidelike state vind ons die Negers woonagtig op die platteland en in die stede. In die Noorde is hulle omtrent almal gekonsentreerd in die stede. Volgens die 1940-sensus was daar elf stede wat meer as 100,000 Negers gehad het en hiervan beklee New York, Chicago en Philadelphia die eerste drie plekke respektiewelik terwyl Detroit vyfde kom. **New York het amper 'n halwe miljoen Negers en Chicago 300,000. Maar die Negers maak maar 6% en 8% respektiewelik van die totale bevolking van die stede uit.**

In hierdie stede woon die grootste meerderheid van die Negers in sekere stadsbuurtes. In Chicago in die „Black Belt" en in New York in Neger Harlem. (Daar is ook 'n Italiaanse en Spaanse Harlem). Vir die Negerbevolking is Neger Harlem die geestelike hoofstad van Swart Amerika.

## SOOS ONS LESERS DIT SIEN

# Geduldig en Gedwee

„Ontwaak," Wellington, skryf: Ek dink nie dat daar een persoon in Suid-Afrika is — behalwe die wat hulleself daaruit veryk of in „red tape" toegedraai is — wat nie eis dat die provinsiale rade afgeskaf moet word nie. Afgesien van hulle verkwisting soos op twee landgoedere vir die Administrateur van omtrent 'n kwartmiljoen elk, die bou van 'n paleis van £600,000 vir hulleself en amptenare van wie jy nie 'n antwoord kan kry nie, die voeding van miljoene kinders, meeste waarvan dit nie nodig het nie, het ons nou 'n stadium bereik waarop jy nie meer op hulle woord kan gaan nie, soos met die onderwysers nou gedoen is. En wat is die posisie van die belastingbetalers vandag? Elkeen dra op sy rug omtrent vyf naturelle en drie kleurlinge en om sy nek 'n koelie, almal onder bolsjewistiese invloed, besig om hul gasheer te verwurg. Die regering eis 1s, 6½d. in die £ vir inkomsbelasting, behalwe al die onregstreekse belastings.

**Die Provinsiale Raad** — wat 35 jaar gelede reeds moes afgeskaf gewees het — eis (a) 'n addisionele 6d. in die £ inkomstebelasting, (b) 'n kopbelasting, (c) motorbelasting van £8 12s. 6d. (d) vermaaklikheidsbelasting van 33% wat hulle nou na 50% wil verhoog (hoe sal die belastingbetaler nou sy ellende vergeet?), (e) lisensiegelde om feitlik enige besigheid te begin. Nou gaan hulle nog alle belastings verhoog en kan dan nog nie hulle verpligtings nakom nie.

**Die Munisipaliteite** mergel ons verder uit met: (a) Oorlogsvaluasies op ons eiendomme waarop meeste nog rente moet betaal, (b) verhoogde belastings van ½d. in die £ op die verhoogde valuasies, (c) verdubbeling in die prys van noodsaaklikste dienste.

**Die Afdelingsrade** — nog 'n kortsigtige bestuur wat moet afgeskaf word — vorder nog omtrent 1d. in die £ op dorpseiendomme.

### ANDER VERPLIGTINGS

Boonop moet dieselfde belastingbetaler nog kerk- en sendingwerk uit sy sak opbou en bestendig, hy moet skole en hospitale deur basaars, kollektes, jole en betaling van losies, boeke en sekondêre opvoeding van sy kinders aan die gang hou, hy moet sport bekostig, liefdadigheid steun. Hy moet huis, vrou, kinders op 'n beskaafde manier voorsien teen 'n koste van £20 tot £50 per maand — soos die Jood vir sy maat gevra het: „Waar kry die Christene al die geld wat ons gedurig van hulle afvat?"

En wat kry ons vandag vir al die belastings en opofferings? Gebrek aan rys, tee, suiker, seep, vleis, brood, linne, sink, sement en nou selfs tabak en drank — iets wat nog nooit in die geskiedenis van Suid-Afrika gebeur het nie. Alles is peperduur omdat ten koste van belastingbetalers die nie-belastingbetalers soos die naburige state, Engeland, skepe, Unnra vir Jode, militêre, naturelle, ens., van voor tot agter met ons benodigdhede ingestop word.

Ons is so besig om geld te maak om al ons verpligtings na te kom (want ons moet 7% ekstra betaal as ons laat is), dat ons te moedeloos is om te dink of te organiseer om die dinge reg te kry. Soos 'n Oosterse fatalis sê meeste belastingbetalers: „Allah en sy trawante genl. Smuts en sy ministers, dr. Malan, Carinus en sy uitvoerende komitee, burgemeesters met hulle raadslede weet alles en bestuur alles vir my, as ek ook 'n armblanke moet word — die naam van Allah en sy trawante sy geloof."

## IMMIGRASIE

Mnr. Z Victor, Merweville, skryf: Ek het lankal gevoel dat ons Afrikaners ons stem moet laat hoor. Die H.N.P. en die O.B. en alle Afrikanergroepe moet saamwerk om die regering te vra om alle immigrasie dadelik stop te sit. Ons sien daagliks hoe immigrante ons land binne kom, en die vraag is: Wat moet van hulle word? Ons sit hier in ons land opgeskeep met honderde arm mense wat ons nie weet wat om mee te doen nie. Dink net aan al die Afrikaners wat geen grond het nie en aan al die hulpelose moeders en kinders wat hier in ons land is. Ek wil voorstel dat ons versoekskrifte opstel en die hele land deurstuur vir ondertekening. Ek is gewillig om te ry totdat ek niks meer het nie. Ek sien dat dit 'n baie groot gevaar is vir ons volk.

## Sy Enigste Wapen

Omdat hy geen ander wapen gehad het nie, het 'n inwoner van Johannesburg verlede week 'n naturelle-inbreker met 'n pyl en boog geskiet. Toe hy drie naturelle by sy deur opmerk, besig om dit oop te breek, het hy stelling in die gang ingeneem met die pyl en boog en een van die inbrekers in die arm gewond. Drie naturelle is later deur die polisie in hegtenis geneem.


# Indië Vry Vanaf 15 Augustus

Die Indiese onafhanklikheidswetsontwerp is verlede week in die Britse laerhuis ingedien. Dit maak voorsiening vir die tot standkoming van twee onafhanklike vrygewestes in Indië, en is deur die Britse eerste minister geloods.

Die twee dominiums wat as Indië en Pakistan bekend sal staan word vanaf 15 Augustus in die lewe geroep. Van hierdie datum af sal die Britse regering alle verantwoordelikheid vir die bestuur in Indië laat vaar en aan Indië oordra.

# Dit Gebeur Ook

## Luislang Hou Haar Lyf Nes



***'n Opskudding is onlangs in die dieretuin van Stokholm veroorsaak deur dat 'n luislang eiers gelê het — 'n voorval wat glo nog net eenmaal tevore in die afgelope vyftig jaar in Europa plaasgevind het. Luislange kan tot 90 eiers met 'n slag lê, en toe die foto geneem is, was daar 20. Die luislang is baie geheg aan sy eiers en bewaak dit met sy liggaam tot dit uitgebroei is.***

## Geskok Deur Kinders Wat „Pruim"

'n Persoon in Rhodesië het aan die hand gedoen dat die Britse voedselposisie verlig moet word deur dit aan te vul met biltong uit Suid-Afrika. Maar te oordeel na die opmerking van 'n Engelse immigrant toe hy mense in Kaapstad sien biltong eet het, sal dit die Britse regering heelwat aan voorligting kos om die Britte tot so-iets te beweeg. **Die immigrant het naamlik aan 'n plaaslike Engelse koerant vertel dat wat hom die meeste van Suid-Afrika tref, die feit is dat so baie mense hier pruim — selfs kinders van tien jaar het hy gesien kou aan stukke tabak, wat oral in vensters uitgestal lê. Dit het toe geblyk dat dit biltong is wat die immigrant so ontstig het.**

Die betrokke koerant het in dié verband verhaal van 'n Suid-Afrikaner wat aan 'n vriend in Engeland 'n paar biltonge gestuur het. Later kry hy 'n brief waarin hy bedank word „vir die wortels". Hy het dit in sy tuin geplant, lui die brief, maar na twee weke het nog niks opgekom nie!

## Maak Sy Bestaan Uit Slaap

**Die Berlynse koerant Neue Zeit meld van die onverbeterlike metode van 'n Duitser om voedsel te bespaar en terselfdertyd geld te maak. Hier is sy metode: „Elke dag slaap ek tot 12-uur en het dus geen ontbyt nodig nie. Die brood wat ek so oorhou, verkoop ek in die sluikhandel teen tweekeer soveel as wat ek sou verdien as ek werk. Met ander woorde, ek verdien tweekeer soveel deur te slaap as deur te werk, waarom sal ek dan werk?"**

## Na Dood Van Moeder

'n Vrou wat reeds tien minute dood was, het verlede week in Amerika die lewe aan 'n dogtertjie geskenk met behulp van 'n keisersnee-operasie. Geneeshere is van mening dat die dertigjarige moeder aan hartverlamming beswyk het. Haar eggenoot het haar op die vloer van hul plaashuis aangetref in 'n bewustelose toestand en haar na die dorp gebring waar sy oorlede is.

## Portret In Bloedvlek


**Die ondersoek na 'n moord in Uraguay in Suid-Amerika, het polisie-amptenare tot die gevolgtrekking laat kom dat bloed onder sekere omstandighede in staat is om 'n foto van die moordenaar te neem. Hulle verklaar dat bloed kan „sien".**

Hierdie aanspraak van die polisie het moordenaars in daardie land versigtiger laat word en hulle verkies nou liewer om hul slagoffers op 'n minder gewelddadige wyse om die lewe te bring.

In 1941 is 'n man in Montevideo vermoor, — vermoedelik met 'n mes. Omstandigheidsgetuienis was baie sterk teen die beskuldigde, maar die polisie het na konkrete bewyse gesoek. 'n Speurder Juan Chabalgoity het opdrag gekry om die bloedbevlekte mes te ondersoek vir vingerafdrukke, maar kon niks kry nie. **Toe hy die mes weer onder die mikroskoop sit, het hy daarop aanspraak gemaak dat hy die beeld van die slagoffer tussen die bloedvlekke sien.**

Die departementele hoof wat die aanspraak wou toets het homself daarna met 'n mes gesny en die beloede lem voor sy gesig gehou. 'n Vergrote foto van die lem het 'n duidelike beeld van die polisiehoof weerspieël, word beweer.

Daar word gemeen dat die rooibloedselle onder sekere omstandighede in staat is om 'n fotografiese opname te maak.



## Op Soek Na Verkoue Se Oorsaak

***Meer as honderd dokters en verpleegsters is in Engeland besig met navorsingswerk in verband met die oorsaak van verkoue. Nog geen middel is egter ontdek nie, hoewel vasgestel is dat sekere verkoues deur 'n baie klein virus veroorsaak word. Ten einde genoeg persone te kry vir proefdoeleindes is jong getroudes uitgenooi om hul wittebroodsdae kosteloos te kom vier indien hulle die behandeling ondergaan. Baie het dit aangeneem.***


*In die stad ROND met Ronde Kommando*




By die Bioskoop

'n koel sagte sigaret — Ronde Kommando maak al hoe meer vriende „oral in die land rond."

BH 2917

A.V.B.O.B.
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newton

*Geskiedenis deur Kuns!*

**MY KWAS VERTEL**

Deur W. H. COETZER .. .. .. .. .. .. 40/-, Porto 2/-

Die Geskiedenis van Suid-Afrika, insonderheid die Groot Trek, die Vryheidsoorloë en die Eeufeesjaar, in beeld soos deur die kunstenaar gesien 111 Afdrukke waarvan vier in kleure. Grootte: 7½ dm. x 10 dm. 242 bladsye gebind in goeie linne.

Wat is die betekenis van die doop? Waarom doop ons iemand? Wie mag gedoop word? Op hierdie vrae en nog baie ander kry u 'n duidelike antwoord in

**DIE CHRISTELIKE DOOP**

Deur Ds. J. D. VORSTER .. .. .. .. .. .. 2/3 posvry.

Die verhouding van die jong man en jong meisie tot hul Toekomstige Huis

**EK EN MY HUIS**

Deur C. en D. VAN ROOY .. .. .. .. .. .. 2/6 posvry.

1. Die Vrou en haar Huis. — Briewe van 'n moeder aan haar dogter, wat op troue staan.
2. Die Man en sy Huis. — 'n Vader verduidelik aan sy seun wat sy verhouding tot sy huis moet wees.

**Pro Ecclesia-Boekhandel**

**Posbus 29 STELLENBOSCH**

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1¼d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Enkel plasings (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasings (vooruitbetaalbaar) 1¼d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasings: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasings tot kansellasie, 1¼d. per woord, minimum 3/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na **Posbus 28, Stellenbosch,** en intekengeld na **Posbus 1411, Kaapstad.**

## VERLOWING

SCHOEMAN—SEALE. — Die verlowing van Yvonne, dogter van mnr. en mev. H. S. Seale, van Heroldsbaai, George, en Johannes, seun van mnr. John Schoeman, van Excelsior, Vlakteplaas, Dist. Oudtshoorn, word hiermee aan familie en vriende(inne) bekend gemaak. 9/7/1B

JOUBERT — LATEGAN. — Emsie, dogter van mnr. en mev. L. Lategan, van Mosselbaai, en Fanie, seun van mnr. en mev. Jan Joubert, van Stellenbosch, maak hiermee beken dat ons op 28 Junie verloof geraak het. 9/7/1

## DOODBERIG

UYS. — Hiermee betuig die vroue- en mannekommando's van Heidelberg hul innige simpatie teenoor oom Freddie en sy twee seuns, Hendrik en Nicolaas, met die heengaan van hul vrou en moeder. Op die funksies sal ons haar baie mis maar ons gun haar die rus na die jaar van bittere lyding wat sy moes deurmaak. 9/7/1B

UYS. — Sondagmôre, 29 Junie, sal vir ons onvergeetlik bly, die dag toe ons moes afskeid neem op aarde van ons liefste moeder. Hiermee net 'n kransie van hulde aan haar onvergeetlike nagedagtenis. — Haar treurende eggenoot, Freddie, en seuns, Hendrik en Nicolaas.

## AGENTSKAPPE

**VAN RIEBEEK TRUSTMAATSKAPPY BEPERK,** Voortrekkerweg, Bellville, **bied sy bekwame dienste aan wanneer u eiendomme wil koop of verkoop, met geldbeleggings, verbande ens. Doen aansoek by** POSBUS 48. **Foon 9-7222.** 27/11/Tk

## VRYSTAATSE GOUDVELD EIENDOMME

Vir Eiendomme Henneman, Odendaalsrust omgewing, raadpleeg WELKOM EIENDOMS- EN TRUST AGENTSKAP, Henneman (Eienaars Alberts en Greeff). Foon 43, Telegramme ‚Weta.' 16/4/TK

## BENODIG

**SES OF AGT** O.B.-jongmanne met £300 tot £400 of gedeelte waarde, vir aandele in plaas van 372 morge. Klam lande, volop water, 300 morge ploegbaar. 20 myl van Nylstroom. Ons kweek waatlemoene, mielies, grondbone, bone, koring en angeliere. Het reeds 'n goeie voorraad angeliere en swaardlelies. Doen aansoek — J. H. ROODT, P/S. (627) Louis Trichardt. 2/7/2B

## BOME, PLANTE EN SAAD

**AARBEIPLANTE.** — Plant nou en eet vrugte vanaf November. Egte swaardraende Everbearing, beste marksoort, 3/- per dosyn. 7/6 vir 50, 10/6 vir 100, 75/- per 1,000. **Amerikaanse Doringlose Youngbessies** lei op teen draad, dra geweldig, vrugte groter as moerbei — lekker konfyt. 15/6 per dosyn, £2 vir 50, £3 per 100. Kontant met bestelling. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, JOHANNESBURG. 25/6/4

**HERHOLDT** se meesterlike Dahliasorterings in keurige gesorteerde kleure verseker prag en tevredenheid! Sonstraal-Uitdaag-Versameling: onoortrefbare reuse van prag. 50/- per dosyn, 27/6 vir 6. Sonskyn-Versameling: vir sny en vertoning 40/- per dosyn, 22/6 vir 6. Tuinversameling: 30/- per dosyn, 17/6 vir 6. Opera: Keurigste — nuutste pryswenners, 6 teen 35/-. Bestel nou vir Oktober plantfyd. — HERHOLDT'S, Posbus 660, JOHANNESBURG. A/9/7/1X14

**PRAGTIGE,** gesonde en vars graad 1 teen 20/- per 150 lb. Eier-grootte Saadaartappels, tweede na ingevoerde. Skotse Up-to-date 25/- per 150 lb. okkerneut-grootte 20/- per 150 lb. Almal v.o.s. Bethlehem in nuwe sakkies wat terug gestuur moet word. Ek waarborg tevredenheid. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, Bethlehem. 2/7/Tk.

**BESTE GESERTIFISEERDE SAAD: Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wortelsaad 10/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool 16/-; Spitzkopkoolsaad 8/-; Blaarslaai 17/6. Uie: Australiese Bruin 6/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6, Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-. Van Zyl Bone 115/- per 200 pond. Volledige pryslys verkrygbaar van PREMIERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn.** 11/12/Tk

**PATATS** verkrygbaar teen 15/- per sak gelewer op Sylyn Serpentine. — H. ROELOFSE, P/S Serpentine, GEORGE. 25/6/4

## GEMENG

**ELEKTRESO (Edms.) Bpk.** elektrisiteits- en werktuigkundige ingenieurs, Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huisbenodighede; ankerwikkeling; elektriese herstelwerk aan motors, draai- pas-, sweis- en herstelwerk aan alle plaas- en ander gereedskap. Telefoneer 9-7223. 27/11/Tk

**LOOIERY.** — Velle word bewerk na keuse, d.w.s. in leer, goed vir tuie, sool, oorleer, ens. Om besonderhede skryf aan: L. B. SIEBRITS EN SEUN, FRANSCHHOEK, K.P. 19/3/TK

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

## HORLOSIEMAKER

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

**H. J. STEYN,** De Villierstraat 17, VASCO, KAAP, verkoop en herstel horlosies en radios. Enigste agent en invoerder van VELOX-skeermeslemmetjies (Switserse).

## KENNISGEWING

**PRINS ALBERT EN DISTRIK.**

Ek wens onder u aandag te bring dat die Algemene Handelaarsbesigheid van **J. L. KOORTS, Snr.,** oorgeneem en vanaf 1 Julie gedryf word deur **J. L. KOORTS, Jnr.,** onder dieselfde naam op dieselfde plek (voorlopig).

Baie dankie vir u ondersteuning in die verlede en in die toekoms hoop ek om in al u behoeftes te mag voorsien. Alles in voorraad vir die Huis, Man, Vrou en Kind teen die billikste pryse. Kom kyk en oortuig uself.

**KLEREMAKERS**

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eersteklas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52.

## MEUBELS

**AANDAG.— Elektron Kontrakteurs,** Keeromstraat 18, Kaapstad, Foon 25060. Vergelyk ons pryse: Ateljeerusbanke, vanaf £18; Kamerstelle, vanaf £26/10/-; „Heat Master"-Verwarmers, £2/19/6; „Swan" Outomatiese Ketels, £3/12/6. 18/6/TK

## PLUIMVEE

**HENNETJIES.** — Ek bied sesweke-oud hennetjies aan (wit Leghorns) uit goeie bloed. Prys 6/- elk, gelewer Indwe. Verkrygbaar vanaf einde Julie. K.M.B. Hokke moet terug gestuur word. — Mev. P. DE CONING, Alpha, INDWE. 9/7/2B

## SOUT TE KOOP

**BOERE-PAKKET.** — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

**SOUT.** — Mevrou, u sukkel met growwe tafelsout! Bestel 'n sak fynsout 8/6 per 200 lb.-sak. Meneer, vir u vee is No. 2 die beste teen 49/- per ton. — S. J. VENTER, Oranje-soutwerke, P.K. Florisbad, BLOEMFONTEIN. 14/5/TK

**SOUT.** — Mooi beloftes help nie, dit troos net! Bestel waar u seker is van u geld vir A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/-, No. 3 44/- per ton. Bottersout 8/6 per 200 lb.-sak.— W. H. VENTER, Soutwerke, P.K. FLORISBAD. 14/5/TK

**SOUT.** — Vriende, ek lewer sout in sakke: A1 59/-; No. 1 54/-; No. 2 49/- per ton. Tevredenheid gewaarborg. Onmiddellike versending. — S. J. DE BEER, Soutwerke, FLORISBAD. 18/6/13B

## TE KOOP AANGEBIED

**ALGEMENE HANDELAARS- EN GROENTEWINKEL,** geleë in Hoogstraat, Oudtshoorn. Goeie kwotas. Tagtig persent kontant besigheid. Goeie omset. Vir besonderhede doen aansoek: No 124, Hoogstraat, OUDTSHOORN. 9/7/1

**AFRIKANERBULLETJIES.** — Graad en registreerbaar. Geteel uit spesiaal uitgesoekte koeie wat baie melk en gewig het, en deur droogte steeds goeie kondisie wys. Baie goeie kondisie, direk van die veld, vader kos £200. Hulle is nog nie uitgedun deur ander kopers nie. Twee jaar oud. JAN HAARHOFF, Uitkomst, Graaff-Reinet. 2/7/2

**GEREGISTREERDE** ryperd-merries om ordentlike trippelaars van te teel Halter- en tuigmak. Het by vyfganghings geloop. Hulle sal die mees uitsoekerige koper bevredig. Gee perdeboerdery heeltemal op. JAN HAARHOFF, Uitkomst, Graaff-Reinet. 2/7/2

**HAELGEWEER (410)** enkelloop met 25 patrone. Splinternuut. Prys £8/10/-. — KOTZE, De Villierstraat 58, TIERVLEI. 9/7/3B

**JUKSKEIE.** — Bottelvorm, 3/9; Kopskeie, 4/6; Agtkantige Skeie, 5/- per paar. — KOOS BOTHA, P/s SERPENTINE, Dist. George. 18/6/4B

**LUSERNMEEL,** gewaarborg skoon en suiwer. Besig om te maal, 11/- per 100 pd. gelewer in trok Modderrivier-stasie. Sakke moet bestellings vergesel. — M. G. MYNHARDT, Langberg, P.K. Modderrivier. 2/7/3B

**1.35 MODEL** Farmall-trekker. Kragvol, voor rubber-, agter staalwiele. Het ander wiele agter nodig. Prys £100. Een Sir Bailey Rampomp, 200 vt. ¾ dm. en 150 vt. 2 dm. goeie pype. Prys £65. K.M.B. — J. H. ROODT, P/S. (627) Louis Trichardt. 2/7/2B

**WINSKOPIES VIR BOERE.** — Sandskoene (nuwe en tweedehands) 10/- per streepsak; blikborde (nuwe) £2-10-0 per 100 of 9d. elk; kosbakke 1/6 elk; panne 1/6 elk; bandoliere 2/- elk. Skryf of kom na: T. J. MOSTERT, Tweedehandse Meubelhandelaars, Lady Greystraat 93, Paarl. 21/5/TK

## RADIO

**LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.**

## TE KOOP GEVRA

**BENE. — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.**

# Unie Se Koringnood

Die koringtekort in die Unie is nog sodanig dat die Unie voor die insameling van die aanstaande oes twee miljoen sakke koring van die buiteland moet invoer. Die regering het nog nie daarin geslaag om die voorraad te bekom nie en het slegs 60,000 sakke in Amerika gekry.

Die Unie het onlangs deur middel van die Voedselraad 'n aanbod van Argentynse koring gekry. Omdat dit te duur was, nl. £5 per sak, het die Unie die aanbod van die hand gewys.

# Boere Vra „Vakbond"

'n Besluit wat daarop neerkom dat die boere in 'n soort van vakbond georganiseer word, is op die jaarkongres van die Noordwestelike Landbou-unie wat op Prieska gehou is, geneem.

Op die kongres is voorgestel dat 'n stelsel in die lewe geroep word waardeur landbou-unies genoegsame fondse sal kan verkry om hul sake behoorlik te kan bevorder en dat by die regering aangedring word om die lisensiëring van boere. Dit sal dien om die boere beter te organiseer.

# Truman en Negers

Pres. Harry Truman het 'n beroep gedoen op beter behandeling van die negers in Amerika toe hy 'n kongres van nieblankes in Washington verlede week toegespreek het. Hy het verklaar dat daar geen geregverdigde rede is om teen ras of kleur te diskrimineer nie. Hy het verwys na die intimidasie en aanvalle wat daar op negers gemaak word.

# V.S.A. Gryp In In Java

Die Verenigde State in die uitvoering van sy nuwe buitelandse beleid het ingegryp in die krisis wat die afgelope dae in Java ontstaan het. In die nota wat aan die „republikeinse regering" van Java oorhandig is, word verklaar dat die V.S.A. belang stel in die toestande in Java en dat hy meen dat die Nederlandse regering oppergesag moet behou oor die tussentydse regering wat tot 1949 duur.

Ten einde krag by sy buitelandse beleid te sit, het Amerika ook dollarhulp belowe indien die tussentydse regering soos deur Nederland voorgestaan, daargestel word.



*Ingebinde Jaargange Van „Die O.B."*
*2 - 3 en 4de Jaargang*
**TEEN £1/5/-**
***Bestel van:***
**Gebiedshoofkwartier, Posbus 1230, PRETORIA.**


# Mag Meer Staal Produseer

Die Amerikaanse minister van buitelandse sake, genl. Marshall, het aangekondig dat die Duitsers binnekort toegelaat sal word om dubbel soveel staal te produseer as wat tans toegelaat word. In die Ruhrgebied word daar tans staal teen 'n tempo van 5,000 ton per jaar geproduseer. Die syfer sal eersdaags na 10,0000 ton per jaar verhoog word. Die produksie het alleen betrekking op Wes-Duitsland en nie op die gebied wat deur Rusland beheer word nie.

'n Klein reukwaterbotteltjie is onlangs in New Harbour (Kanada) uit die maag van 'n makriel gehaal. Binne in was 'n briefie wat deur 'n Britse soldaat geskryf is wat aan 'n afdeling behoort het wat tydens die oorlog in Europa en Palestina gestasioneer was. Die bottel is waarskynlik deur hom in die Atlantiese Oseaan naby die kus van Afrika gegooi en is deur seestrome weggevoer tot waar die makriel dit ingesluk het.


# SPIERE SOOS STAAL



**Christie Roets**

**Afrikaners,** wil u 'n mede-Afrikaner 'n kans gee? Het u 'n gimnasium of wil u een begin? As u 'n instrukteur of assistent nodig het — skryf aan **CHRISTIE ROETS.** Hy het kursusse voltooi in: Gesondheidsleer, Liggaamsopvoeding, Gewigoptel en Stoei.

**Adres: „SMALDEEL," P/s ALPODAL, oor VRYBURG, K.P.**



# INTEKENING OP „DIE O.B."

● Daar baie offisiere dit moeilik gevind het om gereeld die intekengeld op „DIE O.B." in te vorder veral in die uitgestrekte afdelings, is besluit dat VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, na **30 Junie 1947, direk die intekengeld sal invorder.**

● Aangesien dit groter administrasiekoste meebring, sal die verminderde tarief van 6/- per jaar ongelukkig nie langer toegestaan kan word nie, en **sal alle intekenare die volle intekengeld van 10/- per jaar moet betaal.**

● Om dus seker te maak dat u die blad gereeld sal ontvang moet u onderstaande vorm sonder versuim voltooi en saam met die nodige intekengeld aan POSBUS 1411, KAAPSTAD, stuur.

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

DIE SEKRETARIS,
VOORSLAG (EDMS.) BEPERK,
POSBUS 1411,
KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Ek het tot dusver „DIE O.B." deur middel van die kommando ontvang en neem daarvan kennis dat intekengeld vanaf 1 Julie 1947 regstreeks aan Voorslag (Edms.) Bpk., **vooruitbetaalbaar** is teen 10/- per jaar.

Gaan asseblief voort om „DIE O.B." aan my adres te stuur tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hiermee vind u die bedrag van.............................................

vir.........................jaar/e se intekengeld.

Naam: ..............................................................

Posadres: ..............................................................

..............................................................

..............................................................

Datum ............ Handtekening ............

# EINDELIK

## 'N VRYE NUUSBLAD VIR DIE VOLK!

## Die koerant waarop u gewag het!!

Naweekblad

# Dagbreek

Onafhanklike

'n Nuwe dag breek aan vir die Afrikaanse joernalistiek

**Onbevooroordeelde beriggewing en beskouinge**

Volkome ongebonde deur seksionele belange van watter aard ookal

★ **Dagbreek** verskyn vanaf 29 Junie elke naweek in Johannesburg.

★ **Dagbreek** bied u elke naweek 32 bladsye vol interessante nuus, foto's en sportberigte.

★ 'n Eersteklas Afrikaanse NAWEEKBLAD vir ons binnelandse stede en dorpe.

★ Terselfdertyd 'n eersterangse NUUSWEEKBLAD vir ons uitgestrekte platteland.

**Uitgewers: Dagbreek-Pers Beperk met PROF. L. J. DU PLESSIS as Voorsitter van die Direksie.**

Hoofredakteur: Mnr. Willem van Heerden, bygestaan deur mnr. J. F. van Huysteen, mnr. A. M. van Schoor, mnr. D. G. Richard, mnr. J. P. Vorster en 'n puik span Afrikaanse joernaliste en deskundige medewerkers.

# DAGBREEK

word deur die hele land versprei deur die C.N.A.

*Teken sonder versuim op bygaande vorm in en beoordeel self die blad.*

DIE SIRKULASIEBESTUURDER,
DAGBREEK-PERS BPK.,
Posbus 8161, JOHANNESBURG.

Stuur asseblief DAGBREEK vir 12 maande aan my, waarvoor ek 15/- hierby insluit.

NAAM: ....................................................

VOLLEDIGE HUISADRES: ....................................................

....................................................

....................................................

....................................................
Handtekening

Intekengeld: 15/- vir 12 maande by u huis afgelewer binne die Unie en S.W.A.; elders 15/6.

Die O.B., 9/7/47

# Spoorwegwerkers Bewoon Krotte In Kaapstad

**Weersinwekkende sosiale toestande waar blanke spoorweg- en dokwerkers feitlik verplig word om saam met persone in dieselfde skemahuise te woon van wie sommige kinders nie-blanke skole besoek en ander blanke skole, is deur Die O.B. in Kaapstad aangetref. Hier woon die ongewenste bure sy aan sy of bo-op die koppe van die blankes.**

**In die ou Breekwater-buurt staan daar rye en rye aaneengeskakelde spoorweghuise wat gedurende die vorige eeu deur bandiete gebou is en as kaserne vir die polisie en bewaarders gedien het. Sommige is van klip en ander gedeeltelik van sink en hout. Voorheen was dit 'n blanke buurt, maar nie-blankes het die blankes stadig maar seker verdring sodat wanneer mens die buurt vandag van die stad se kant nader, jy eers deur 'n nie-blanke buurt moet gaan om by die blankes uit te kom.**

NUWE VORM

Nieteenstaande die protes van die blankes het die indringing maar voortgeduur totdat dit in die afgelope jare 'n ander vorm aangeneem het. Toestande het vandag so ontwikkel dat persone wie se kinders nie-blanke skole besoek, skouer aan skouer met die ander inwoners woon. Na bewering veroorsaak hierdie persone soms so 'n lawaai dat dit uiters onaangenaam is. Hulle besoekers is ook bedenklike persone.

Aan Die O.B. is verklaar dat die Spoorweë dit moeilik vind om die mense te keur wat aansoek doen om in die aaneengerygde huisies te woon. Teen die man wat in diens van die spoorweë is, kan dikwels geen beswaar gemaak word wanneer hy aansoek doen nie. Wanneer hy reeds die huis betrek het, vind die sosiale werksters van die Spoorweë dat soms alles nie pluis is met hul kleur nie. Hulle het ook geen reg om die voorskoolse kinders wat aan die melkklubs behoort en teen wie hulle agterdog koester, uit die klubs te weer nie.

EIS SLOPING

**Geneeshere wat hierdie buurt bearbei het verklaar dat die onbehoorlike behuising wat hier**die wonings bied, lankal genoodsaak het dat dit met die grond gelyk gemaak moet word. Hulle het ook by die owerheid daarop aangedring, dog sonder enige vrug.

Sommige van hierdie huise is van so 'n aard dat wanneer jy dit van die voorkant nader om by die voorhuis in te gaan, jy eers by die gemakhuise wat in die tien by agt tree groot agterplase gebou is, verby moet gaan.

Alleen gebrek aan geld om beter huise te kan bekostig en die hopeloosheid van die toestand om ander huise te kry, verplig die inwoners om in die uiters onaangename toestande te lewe. Dit is opvallend dat baie van hierdie mense voorheen bewoners van die platteland was.

Hierdie huise was al uitgedien lank voor die huidige tekorte ontstaan het, sodat daar vir die spoorwegadministrasie geen verskoning is nie.

# Beoog Nuwe Trek Van Ossewaens

**Die Uitvoerende Raad van die A.T.K.V. is tans besig om 'n landswye ossewatrek in die komende jaar te organiseer. Deur hierdie trek sal die tiende verjaardag van die Ossewatrek van 1938, waardeur 'n geweldige Afrikanergeesdrif ontketen is, herdenk word. Dit was uit hierdie spontane geesdrif waaruit die Ossewabrandwag gebore is.**

Hierdie keer sal daar egter nie sulke lang togte na die Voortrekkermonument onderneem word nie, maar korter onderbroke trekke soos b.v. van Kaapstad na Hartenbosch, van Bloemfontein na Kroonstad en oor verskeie ander afstande.

**Nietemin sal die trek op grootskeepse wyse aangepak word. Soos in 1938 sal daar oral plaaslike feeskomitees in die lewe geroep word. Dieselfde kakebeenwaens van 1938 sal weer gebruik word en boere sal versoek word om die spanne osse te verskaf.**


Daar sal waarskynlik weer aan die hand gedoen word dat die feesgangers baard kweek.

Hierdie inligting is verlede week deur mnr. Attie Louw, aftredende voorsitter van die A.T.K.V., tydens die jaarvergadering van die vereniging in Bloemfontein verstrek.

(Sedert 1939 het die Ossewabrandwag byna elke jaar die aanvang van die Ossewatrek op 8 Augustus herdenk en gevier).

## Hul Voordeur

***'n Blik op die spoorweghuise naby die Breekwater in Kaapstad waar blanke gesinne met soveel as sewe kinders ingedruk is in krotte waarvan die toegang tot die voordeur lyk soos op die foto. Om die voordeur te bereik, moet verby geskuur word teen die gemakhuis (links op die voorgrond) en die badkamer wat heeltemal los van die huis op 'n vierkantstukkie grond staan wat terselfdertyd as agterplaas moet dien.***



## DDT Nie So Gevaarlik

Die vrees dat die nuwe insektegif DDT alle insektelewe sal uitwis waar hy teen plae aangewend word, is ongegrond bewys na aanleiding van toetse wat in Natal uitgevoer is. Oor groot gebiede in Soeloeland is DDT onlangs teen die tsetsevlieg aangewend. Hoewel dit baie suksesvol teen dié pes geblyk het, het dit nie die ander insekte in die omgewing waar die DDT gesprei is, dood gemaak nie. Ondersoek het getoon dat daar 6000 verskillende soorte insekte in die gebied aan die lewe gebly het.

# Modeldorpe Voorgestel Vir Afrikaanse Stedelinge

**Die vraagstuk van die trek van die Afrikanervolk na die stede en die oplossing van die probleme wat hiermee gepaard gaan, is verlede week deur die vyfde Volkskongres wat deur die N.G. Kerk saamgeroep is in Johannesburg bespreek.**

Sowat 700 afgevaardigdes van uit heel Suid-Afrika en sommige uit Rhodesië, het die kongres bygewoon wat onder voorsitterskap van dr. W. Nicol plaasgevind het.

Die kern van die besprekings het gegaan oor die verstedeliking van die Afrikaner en die doeltreffende opvoeding van die volk voor hulle na die stad trek en tydens hulle verblyf aldaar. Oor hierdie aspek is verskillende referate gelewer. **Ds. J. R. Albertyn, sekretaris van die kongres, het aangetoon dat tydens 1920 die getal Afrikaners in die stede minder as honderdduisend was. Vandag tel hulle meer as 400,000 en slegs 35 persent van die volk lewe in 'n egte boereomgewing, as die dorpsbewoners bygetel word.**

RAAK UIT PLASE

Dr. T. C. de Villiers het verklaar dat voor die Engelse Oorlog 87 persent van die Boerebevolking grondeienaars was. Tans is dit na skatting slegs 55 persent. Hy het dit betreur dat Afrikaanssprekendes in toenemende mate hul grond op die platteland kwyt raak, en die aandeel wat die Afrikaner in die handelslewe moet neem, beklemtoon. Daar moet gepoog word om die stroom van Afrikaners na die stede te keer deur bestaansmoontlikhede vir hulle op die platteland te skep.

Die Afrikaner moet die stede in besit neem deur dienslewering het dr. S. Pauw verklaar. Dit kan geskied deur die Afrikaner te leer om arbeid en die arbeider te waardeer. Dit is tyd dat die Afrikaners hul geledere sluit.

SEGREGASIE

Die kongres het hom baie duidelik uitgespreek ten gunste van rassesegregasie as die enigste oplossing vir die vraagstuk van botsing tussen blank en gekleurd. Die Afrikaner moet hom dit sy taak maak om homself te onderlê in kennis van hierdie saak.

Prof. G. Cronjé het verklaar dat die sleutel tot die oplossing van die rassevraagstuk die behoud van die blanke beskawing is. Spr. het die vraagstuk benader van die kant van rassebotsings en die pogings van gelykstelling tussen blank en nie-blank. Hy het bepleit dat die kommunisme in Suid-Afrika onwettig verklaar moet word. Hulle is besig om die vraagstuk uit te buit.

MODELDORPE

**Ds. P. du Toit, Algemene Armsorgsekretaris van die Kaapse N.G. Kerk, het die mening uitgespreek dat die kerk en staat ernstige aandag moet gee aan die stigting van modeldorpe en nedersettings in die onmiddellike nabyheid van die stede waar die Afrikaner sy tradisies, taal en sedes kan behou. Hy het die onderwerp „geestelike gesinsorg" ingelei.**

Die kongres het 'n voorstel goedgekeur wat versoek dat 'n konferensie van al die Afrikaanse Kerke belê moet word met die doel om 'n eenvormige kerklike beleid ten opsigte van die versorging van behoeftige kinders vas te stel.

# MALMESBURY STOOT FONDSE OP VIR 8 AUGUSTUS

**Met watter ywer die brandwagte reeds skouer aan die wiel gesit het met die insameling van fondse vir O.B.-dag, spreek uit die bedrag van £120 wat die vroue-kommando van Malmesbury reeds gedurende die afgelope paar maande ingesamel het deur die resepsies van huwelikspartjies waar te neem. Hulle meen om teen die begin van Augustus die rekord van verlede jaar toe £230 ingesamel is, in die skadu te stel.**

Tydens die naweek van 28 Junie het hierdie span ywerige vroue onder leiding van komdte. mev. C. F. Lombard weereens 'n onthaal na die huweliksplegtigheid van mnr. en mev. H. Theunissen van Kaapstad waargeneem. By dié geleentheid is sowat 350 gaste bedien. Dit was 'n besondere puik en geslaagde onderneming. Die vergoeding wat die vroue vir die beplanning en bediening ontvang het, is deel van die 8 Augustus-fondse.

**Dit het reeds 'n gebruik van die vroue-kommando van Malmesbury geword om die resepsies van trouende paartjies waar te neem. Die afgelope tyd het hulle reeds sowat sewe sulke funksies waargeneem behalwe ander byeenkomste waar hulle ook opgetree het as gasvroue.**

Die voorbeeld van hierdie kommando spreek luid tot die ander kommando's. Skouer aan die wiel vir O.B.-dag!

# Spaanse Volk Stem Vir Franco

**Die Spaanse volk het Sondag na die stembus gegaan om te besluit of genl. Franco nog onbepaald sal aan bly as staatshoof met die vooruitsig dat Spanje uiteindelik weer 'n koninkryk sal word óf onder 'n koning óf onder 'n regent deur Franco aangewys, berig Sapa-Reuter.**

**Die eerste uitslae dui op 'n groot meerderheid vir genl. Franco, wat die steun geniet van die Roomse Kerk.**

***Geagte leser, u blad se uitbreiding hang vir 'n groot deel saam met die ondersteuning wat hy ontvang van groot adverteerders. Laasgenoemde se advertensies hang egter uitsluitend af van u ondersteuning. Geen adverteerder is bereid om te adverteer as hy nie ondersteuning kry nie. Noem daarom asseblief Die O.B. wanneer u antwoord op advertensies, en as u koop, gee voorkeur aan ons adverteerders.***

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## Bybel Word Hersien

Die hersiening van die vertaling van die Afrikaanse Bybel waaraan daar reeds geruime tyd gewerk word, is tans voltooi. Die manuskrip word tans finaal nagesien deur twee taalkundiges, proff. G. Dekker en L. J. Du Plessis. Dit sal na verwagting teen 1948 aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap oorhandig word.